# Kouland 2

## Episode 6: Reënboogmat

**Kerngedagte :** Mense is gemaak om ander te raak. Mense voel misbruik wanneer hul ander help, sodat mense van hulle sal hou. Wanneer ons ander help deur ons liefde vir Jesus, begin ons ervaar hoe mense nader aan Hom sal kom deur dit wat ons vir hulle doen.

**Doelwit :** Kinders gaan nadink oor die maniere waarop hulle ander met Jesus liefde kan bedien. Hulle gaan ook dink aan mense in hul lewens wat vir hulle uit Jesus se liefde bedien.



**Sleutelteks:** Johannes 13:34-35

**Bybelverhaal:** Noag – ''n ware reënboogmat – Genesis 6-9

In 'n mat winkel is daar verskillende tipes matte wat vir verskillende doeleindes gebruik word. Die doel van 'n mat is juis om gebruik te word en daarom is daar so ''n groot verskeidenheid. 'n Mat kan wel nie kies op watter manier hy gebruik moet word nie, maar sy samestelling is van so aard dat dit geskik sal wees vir die doel wat hy moet dien.

Nou, mense is nie soos matte nie, maar daar is tog een ooreenkoms. Ons is ook gemaak om gebruik te word. Ons is ook gemaak om 'n doel te dien en te bedien. Die groot verskil is dat ons wel kan kies hoe ons gebruik gaan word. Hoe ons gaan bedien. Die geheim lê in die gesindheid en die fokus van ons bediening.

Kom ons beweeg terug na die matwinkel. Sien jy daardie Persiese mat wat aan 'n spesiale hanger hang sodat hy nie aan die grond raak nie? Alhoewel dit ''n mat is soos al die ander in die winkel, word hy nie werklik soos ''n mat gebruik nie. Hierdie mat se doel is om eenkant in die huis geplaas te word net om raakgesien te word. Baie mense kies om te leef soos hierdie matte. Hul fokus lê net daarin om raakgesien te word. Om hulself te bedien. Alles wat hul doen bevorder net hulself. Hul is glad nie gefokus daarop om enige iets vir enige iemand anders te beteken nie. Wat nog te sê van inpas in die plan wat God met hul lewens gehad het?

Bietjie vêrder af in die winkel kry 'n mens die ou vloermatjies wat mens sommer so in enige plek in die huis gooi. Die matjies wat nie baie stewig op die vloer lê nie. Dit word sommerso heen en weer geslinger soos wat mens dit nodig het in die huis. Die doel van hierdie matjie is om handig te wees wanneer dit moet en dan weg te gaan wanneer dit nie meer nodig is nie. Nou, baie mense word soos hierdie matjies gebruik. Dit is mense wat so graag wil hê dat ander mense van hulle sal hou, dat hulle enige iets sal doen net dat ander ook dink hulle is handig of oulik. Baie keer, gooi hierdie mense hulself onder ander se voete in en gee alles wat hulle het, net om later baie stukkend te voel van binne as mense hul klaar gebruik het.

Hierdie arme mense gee wel hul heel beste om ander te bedien, maar hul fokus is verkeerd. Hulle is meer gefokus daarop om aanvaar te word deur ander mense, as om te bedien uit die liefde van God.

Die laaste matte in die winkel wat ons aandag trek is die vrolike welkom deur matjies wat daar hang. Op sommige van hulle is die woord WELKOM groot geskryf. Ander het helder reënboog prentjies en oulike gediggies op wat mens sommer dadelik tuis laat voel as mens net na hulle kyk. Dit is presies die doel wat ‘'n deur matjie moet dien. Wanneer kuiergaste by ‘'n voordeur kom, sien hulle dadelik die matjie raak. Hulle ervaar die liefde van die mense wat daar woon nog voordat hulle ingegaan het. Die mense gaan staan dan vir ‘'n kort rukkie op die mat, terwyl hulle wag dat daar vir hulle oopgemaak word. Dan beweeg die kuiergaste in die huis in soos wat die gasheer hul verwelkom. Nou hierdie tipe mat kan werk vir mense wat kies om te bedien uit hul liefde vir God. Die deur matjie het net een plek en dit is by die "voet" van die voordeur. Hy word nie rondgeslinger nie. Ek en jy behoort net een plek te hê en dit is by die voete van die Vader. Hy het elkeen van ons ook so uniek gemaak met ‘'n spesiale deeltjie van wie Hy is. Sy plan vir jou lewe is dat jy ander sal verwelkom en bedien in Sy liefde, sodat hulle iets van Sy liefde sal ervaar deur die manier waarop jy ander lief het. Sy plan is nie dat jy soos die los vloermatjie sal heen en weer geslinger en vertrap sal word sodat mense meer van jou sal hou nie. In Johannes 13: 34-35 gee Jesus vir ons een opdrag en een belofte. Hy sê dat ons ander moet lief hê soos wat Hy hulle lief het. Die belonging wat Jesus belowe is dat ander mense Hom sal raaksien deur ons liefde. Nie dat ander ons sal raaksien en dink ons is belangrik nie, maar eerder dat hulle Hom sal raaksien en tuis sal voel in Sy liefde.

Van beloftes gepraat, is 'n reënboog een van die mees tasbare beloftes wat ons uit die Bybel sien. Dit was 'n teken van God se diep belofte wat Hy aan die mensdom deur die gehoorsaamheid en geloof van Noag gemaak het. Noag is ook ‘'n voorbeeld van iemand wat God bedien het soos 'n deur matjie. Sy plek was by die voete van God, nie om rondgeslinger en vertrap te word soos ‘'n vloermatjie nie. Dit is juis om die rede wat hy hom nie gesteur het aan die gespot van die mense terwyl hy getrou aan God se ark gebou het 'n nie. Hy het bly bou aan God se plan en het die mense naaste aan Hom betrek by hierdie plan. Sy familie het ingekoop in God se plan. Nie omdat God met hulle ook die plan gedeel het nie, maar omdat Noag se toegewydheid tot God ook sy familie laat welkom voel het in God se liefde.

So kon Noag na 120 jaar van bou uiteindelik sy familie en die diere in die ark in verwelkom. Hulle is gered deur die manier hoe Noag alles wat hy kon bied ingespan het om God te bedien. Dit was so aanloklik, dat sy familie ook besluit het om God te dien.

Mag jou liefde vir God ook so deur die manier wat jy ander bedien skyn dat hulle liewer vir God word deur jou aksies. Mag jy ook ander laat welkom voel in Sy liefde, sodat hulle aangemoedig sal word om ook by God se voete te kom sit.

# 1. Ontmoet & Groet

### 'n Hartlike hallo aan julle dierbare Koubouters!

Welkom terug by Kouland, ons eie lekkergoed fabriek. Jong ons het vandag 'n lekker soet boodskap wat wag, so kom ons kry gou onsself gereed met 'n lekker

## Koubouterstrek:

1. Kom ons maak asof ons lekker taai soet stroop op ons arms het wat ons elmboë en hande teen mekaar vasplak. Ons hou dit daar vir 1.2.3 en dan trek ons hulle weg van mekaar. En ons plak weer vas....en ons trek weer weg. En ons plak weer vas. En ons trek weer weg.

2. Aai, nou het daar van die soet stroop op ons knie beland en ons hand sit vas aan ons knie. Lig jou knie en jou (teenoorgestelde hand) op en sak. EN op en sak. Ai nou is die ander hand weer vas aan die knie. En tel op en sak. En tel op en sak. Kom ons kyk hoe vinnig kan ons al twee knieë en hande optel en sak. Eers die een hand en knie. Dan die ander hand en knie.

3. Kom ons haal lekker diep asem in en lig ons hande op 1...2...3.. en asem uit en sak ons hande tot by ons voete.

Daarsy! Laat ek bietjie sien. Nee wat dit lyk of julle nog so bietjie aan die slaap is. Kom ons sing eers bietjie 'n liedjie saam:

**Speel die musiek video en dans saam met die kleuters.**

# 2. Grootgroep Aanbieding

Man, julle is darem oulike lekkergoed uitdinkers. Ons leer so lekker oor lekkers saam julle by die Kleuterkerk. Vandag het ek ''n spesiale soort lekkergoed vir julle gebring. Ek wonder of julle dit ken. Kom ek gee vir julle ''n paar leidrade dan kyk ons hoe slim is julle...

*Dit is ietsie amper soos die mat waarop jy sit,*

*Maar dit is glad nie so grys en vaal en wit...*

HMMM wat kan dit wees. Lekkergoed wat soos ''n mat lyk. Haai oë, gepraat van matte. Het julle gesien ons het ''n nuwe mat gekry by die Kleuterkerk se deur. Kom ek wys julle gou (laat ''n helper gou deur toe stap en die mat daar gaan haal.) Terwyl ons wag vir die mat, sê gou bietjie vir my:

- Wie van julle het so 'n sitkamer mat (wys prent van ''n sitkamer mat) Vir wat gebruik mens hom?
- En wie van julle het so ''n badkamer mat in julle badkamers by die huis? (wys prent van badkamer mat) Vir wat gebruik mens hom?

Daarsy, hier is ons mooi nuwe deurmat. Maats, op hierdie mat staan groot WELKOM geskryf. Wie weet vir wat gebruik 'n mens 'n deurmat? (laat kleuters toe om te antwoord)

Ja, slimmies. 'n Deurmat word gebruik om vir mense welkom te sê en welkom te laat voel wanneer hulle wag dat iemand die deur oopmaak. Nou wat beteken dit om welkom te voel maats? (Laat kleuters toe om te antwoord)

Sjoe, nee julle is heeltemal te slim, as jy welkom voel dan voel jy of dit of daar vir jou spesiaal 'n plek is as jy iewers aankom. Ons hier by die Kleuterkerk wil graag hê jy moet welkom voel hier by ons. Ons wil hê jy moet weet jy is spesiaal vir ons en dat hier spesiaal hier jou 'n plekkie is. 'n Mens moet liefde vir iemand wys om hulle spesiaal en welkom te laat voel.

Man, waaroor het ek nou weer gepraat voor dat ek oor die matte begin praat het? My kop is nou weer vas gedink teen die dak.

> *Kom ons gaan haal ons wakker koppies daar heel bo teen die dak (Haal lekker diep asem as jy die dak raak) en ons bring hulle bietjie af na onder toe om te kom rus (asem uit soos wat jy jou tone raak) – herhaal proses tot jy sien kleuters is weer rustig en gereed om verder te luister.*

Man dit voel nou beter. O ja, ek het oor lekkergoed gepraat. Hier kom julle tweede leidraad oor die lekkergoed wat ek in my sak het.

*Vrolik vol kleur en so soet soos stroop,*

*Met helder kleurvolle lyne wat so bo-oor hom loop.*

Hmmmm dit is nogsteeds moeilik. Wag kom ek help bietjie. Wie van julle kan dink aan iets in die Bybel wat ook baie kleurvolle lyne gehad het. Miskien Josef se jas, hy het mos al die kleure gehad van die......

AHA REENBOOG! Wie van julle weet wat is 'n reënboog?

In watter Bybelverhaal lees ons nou weer van ''n reënboog?

Wie kan vir my die verhaal van Noag vertel? (laat kleuters toe om te antwoord en plak die feltbord items van Noag en die ark met die diere en die reënboog soos wat die kinders die storie vertel.)

Baie mooi, haai ek het iewers hier ''n gediggie van Noag, kom ek lees dit vir julle

Noag is hard aan die bid en die werk,
hy bou en hy kap dat die pale doer trek!
Die Here het vir Noag in liefde beveel,
om 'n ark te bou en met pik dig te seël.
Al het Noag nog nooit eers reën sien val,
al spot die mense so bitter en gal,
steur Noag homself aan die mense maar min,
want Hy weet God wil iets nuut deur hom begin.
Noag se geloof in God was bitter sterk,
soveel so dat hy 120 jaar bly bou en bly werk.
Toe Noag en sy seuns eers klaar is met die bou,
begin wolke digter saampak, donker en grou.
Die Here stuur toe diere, twee van elke soort,
en elkeen vind hul plekkie, knus aan die boord.
God sluit toe self veilig die ark se deure,
en vir 40 dae en nagte wag hul op die Here.
Toe die tyd reg was om uiteindelik uit te kom,
kyk Noag en sy mense op en staan heel verstom.
Die mooiste reënboogmat strek oor die wolke uit,
'n teken van God se liefde, Sy glimlag breed en wyd.
Die Here rol 'n reënboogmat voor elke mens se treë,
''n lewe in oorvloed wat Hy as geskenk wil gee.
Al wat Hy vra, is dat jy op Hom sal wag en vertrou
en om so gewillig soos Noag, aan Sy plan te bou.

Sjoe, nou wil ek eers weer my kop daar teen die dak gaan haal.

*Kom ons gaan haal ons wakker koppies daar heel bo teen die dak (Haal lekker diep asem as jy die dak raak) en ons bring hulle bietjie af na onder toe om te kom rus (asem uit soos wat jy jou tone raak) – herhaal proses tot jy sien kleuters is weer rustig en gereed om verder te luister.*

Die gediggie het nou oulik gesê dat ''n reënboog soos God se glimlag is. God het die reënboog gestuur as 'n belofte dat Hy nie weer so baie reën sal stuur nie. God was baie bly oor Noag so gehoorsaam was. Sjoe, maats ek wil ook hê dat God bly moet wees oor ek gehoorsaam is aan Hom.

Maats, Hoe dink julle kan ons gehoorsaam aan God wees?

(Laat kleuters toe om te antwoord)

Ja, julle is reg. Haai ek dink nou aan iets wat Jesus gesê het in Johannes 13:34-35

Daar sê Jesus vir ons dat wanneer ons lief is vir mense, dan sal ons gehoorsaam wees aan Hom.

OP watter maniere kan mens lief wees vir mense:

Laat die kleuters eers aan maniere dink.

Ons kan ook vir hulle help as hulle sukkel,

Of na hulle luister

OF

HULLE WELKOM TE LAAT VOEL – amper soos hierdie matjie

**HELPER:** Huh? Moet ons nou op die vloer gaan lê langs die mat by die deur?

Nee man snaaksie. "'n Welkom mat se werk is om mense welkom te laat voel as hulle by die huis aankom. Nou ek en jy moet ook mense welkom laat voel as hulle by ons is. Wat beteken dit nou weer om iemand welkom te laat voel? Dit beteken jy laat iemand voel asof hulle baie spesiaal is. ''n Mens kan enige iemand spesiaal laat voel. Kom ons dink bietjie...

Hoe laat mens jou ma of pa spesiaal voel?

En die tannie wat by die winkel werk?

En jou juffrou by die skool?

En jou maatjie?

En jou boetie of sussie?

Maats ons hoef nie 'n regte welkom mat te wees om mense spesiaal te laat voel nie. Nee man dit is net laf om so te dink. Ons kan mense spesiaal laat voel deur Jesus se liefde met hulle te deel. As ons Jesus vra om vir ons te wys waar ons Sy liefde kan deel, sal Hy vir ons wys. Ons kan regte egte reënboog welkom matjies vir Jesus wees!

Spring gou op dan sê julle saam met my:

**Ek wil wees** *(wys met duime na jouself)*

**soos 'n reënboog welkom mat** *(swaai arms uit na buite)*

**Wat met Jesus se liefde,** *(Maak hartjie met hande)*

**ander na Hom toe vat!** *(Steek hande uit na buite)*

Wonderlik! Julle is baie slim. Sê gou weer saam met my:

**Ek wil wees** *(wys met duime na jouself)*

**soos 'n reënboog welkom mat** *(swaai arms uit na buite)*

**Wat met Jesus se liefde,** *(Maak hartjie met hande)*

**ander na Hom toe vat!** *(Steek hande uit na buite)*

Baie mooi! Julle is darem so slim. Dankie, dat julle os mooi geluister het en my welkom laat voel het. Mag ons elke dag van die week uitgaan en mense laat welkom voel deur Jesus se liefde met hulle te deel.

HAAI gepraat van deel, nou kan ek uiteindelik my lekkergoed vir julle wys. Dit is reënboog matte en ons gaan nou vir julle elkeen een uitdeel by die tafeltjies!

# 3. Kleingroep aanbieding:

## Aktiwiteit 1: ''n Reenboog welkom mat

*Sê die volgende in jou eie woorde:* Maats, kyk net hierdie mooi helder reënboog mat lekkertjies. Dit maak mens sommer lus om 'n groot hap te vat né? Die volgende keer as jy weer ''n deurmatjie sien waarop die woord WELKOM staan, moet jy onthou dat ek en jy ''n belangrike werk het. EK en jy moet ander mense welkom laat voel daar waar ons gaan. Ons moet Jesus se liefde met hulle deel op so manier, dat hulle ook lus word om kinders van Jesus te wees. Kom ons sê gou weer vir mekaar wat ons geleer het:

**Ek wil wees** *(wys met duime na jouself)*

**soos 'n reënboog welkom mat** *(swaai arms uit na buite)*

**Wat met Jesus se liefde,** *(Maak hartjie met hande)*


**ander na Hom toe vat!** *(Steek hande uit na buite)*

Wonderlik. Kom ons maak ''n helder reënboog welkom mat om die belangrike boodskap te onthou.

## Instruksies:


1. Deel vir elke kind die volgende uit:
   - 4 strokies papier van dieselfde kleur
   - 3 Strokies papier van 'n ander kleur
   - Reënboog welkom matjie aktiwiteitsvel


2. Plak die 4 stroke papier SLEGS AAN DIE TWEE PUNTE van elke strook vas aan die aktiwiteitsvel. Daar moet ongeveer 2cm spasie tussen elk van die 4 stroke wees. Hier volg 'n voorbeeld:



Middel gedeelte van die papier stroke is los. Slegs die punte word vasgeplak

3. Ryg nou die ander kleur papier tussen die 4 stroke papier in om soos ''n mat te lyk. Hier volg 'n voorbeeld:





Uitdaging vir die week: ''n Mens kan enige iemand spesiaal laat voel. Kom ons dink bietjie...

Hoe laat mens jou ma of pa spesiaal voel?

En die tannie wat by die winkel werk?

En jou juffrou by die skool?

En jou maatjie?

En jou boetie of sussie?

## Aktiwiteit 2: Noag en die reënboogmat

In die verhaal van Noag leer ons dat Noag bai egehoorsaam aan God was. Hy het die ark gebou net soos wat God dit wou gehad het. Toe Het Noag sy familie en ook twee van elke soort dier in die ark in verwelkom. Hy het seker gemaak daar is vir elkeen ''n plek en dat hulle baie spesiaal voel. God was so bly dat Noag se gehoorsaam was, dat Hy ''n reënboog in die lug laat span

het om te wys hoe bly Hy is. Ek en jy kan ook vir God bly maak wanneer ons kies om Sy liefde te gebruik om mense welkom te laat voel.

## Instruksies:

1. Deel die inkleurvel uit en laat kleuters dit versier.
2. Gebruik die blinkers op die reënboog indien tyd dit toelaat

Help die kleuters om hul werkies in hul Bouboeke te liasseer.

**Dankie dat jy vandag se les spesiaal gemaak het!**

Sondag 19 Februarie

# Naam:.............................................

## Reënboogmat, fyn geweef, wat Jesus se liefde uit kan leef.

**Ek wil wees** *(wys met duime na jouself)*

**soos 'n reënboog welkom mat** *(swaai arms uit na buite)*

**Wat met Jesus se liefde,** *(Maak hartjie met hande)*

**ander na Hom toe vat!** *(Steek hande uit na buite)*

***Ek wil graag mense welkom laat voel,***

***deur vriendelik te wees en dit te bedoel.***

***So kan Jesus my gebruik,***

***Om na ander in liefde uit te reik!***


Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is." Johannes 13:34-35

Sondag 19 Februarie

# Naam:.................................................

## Noag en die Reënboogmat:

Noag is hard aan die bid en die werk,
hy bou en hy kap dat die pale doer trek!
Die Here het vir Noag in liefde beveel,
om 'n ark te bou en met pik dig te seël.
Al het Noag nog nooit eers reën sien val,
al spot die mense so bitter en gal,
steur Noag homself aan die mense maar min,
want Hy weet God wil iets nuut deur hom begin.
Noag se geloof in God was bitter sterk,
soveel so dat hy 120 jaar bly bou en bly werk.
Toe Noag en sy seuns eers klaar is met die bou,
begin wolke digter saampak, donker en grou.
Die Here stuur toe diere, twee van elke soort,
en elkeen vind hul plekkie, knus aan die boord.
God sluit toe self veilig die ark se deure,
en vir 40 dae en nagte wag hul op die Here.
Toe die tyd reg was om uiteindelik uit te kom,
kyk Noag en sy mense op en staan heel verstom.
Die mooiste reënboogmat strek oor die wolke uit,
'n teken van God se liefde, Sy glimlag breed en wyd.
Die Here rol 'n reënboogmat voor elke mens se treë,
''n lewe in oorvloed wat Hy as geskenk wil gee.
Al wat Hy vra, is dat jy op Hom sal wag en vertrou
en om so gewillig soos Noag, aan Sy plan te bou.



**Noag bou 'n Ark**

Genesis 6-9

# Kouland 2 : Familie Studie

## Dierbare Koubouters Skatte!

Dit was omtrent 'n bedrywige dag in die fabriek vandag gewees. Vandag het ons geleer dat die Here baie bly word as ons gehoorsaam aan Hom is. Die Here was so bly oor Noag se gehoorsaamheid, dat Hy ''n groot reënboog oor die lug laat trek het. Jesus vra ook vir ons om gehoorsaam aan Hom te wees. Hy vra vir ons om vir ander lief te wees op dieselfde manier wat Hy vir hulle lief is. As ons vir ander lief is met Jesus se liefde, laat ons hulle welkom voel.

## Aktiwiteit 1: 'n Reënboog welkom mat

Sê die volgende in jou eie woorde: Maats, kyk net hierdie mooi helder reënboog mat lekkertjies. Dit maak mens sommer lus om 'n groot hap te vat né? Die volgende keer as jy weer ''n deurmatjie sien waarop die woord WELKOM staan, moet jy onthou dat ek en jy ''n belangrike werk het. EK en jy moet ander mense welkom laat voel daar waar ons gaan. Ons moet Jesus se liefde met hulle deel op so manier, dat hulle ook lus word om kinders van Jesus te wees. Kom ons sê gou weer vir mekaar wat ons geleer het:

**Ek wil wees** *(wys met duime na jouself)*

**soos 'n reënboog welkom mat** *(swaai arms uit na buite)*

**Wat met Jesus se liefde,** *(Maak hartjie met hande)*

**ander na Hom toe vat!** *(Steek hande uit na buite)*

### Ons stukkie vir vandag is in Johannes 13:34-35

Uitdaging vir die week: ''n Mens kan enige iemand spesiaal laat voel. Kom ons dink bietjie...

Hoe laat mens jou ma of pa spesiaal voel?

En die tannie wat by die winkel werk?

En jou juffrou by die skool?

En jou maatjie?

En jou boetie of sussie?



Dankie, vir julle saamleer vandag. Fluit-fluit ons kuier is uit, gaan versprei nou hierdie geloofsles vêr en wyd!

Skryf iemand se naam neer met wie jy hierdie boodskap gaan deel: ..........................................................................



